STAAN VERWONDERD

1 Kron. 4:10

# Harties NG Poortbode 2024

**Datum:** 10 Maart 2024
**Prediker:** Ds. Johan de Wet
**Teks:** Hebr. 10:19-25
**Tema:** Die nuwe weg!

**Kantoor:** Angie - 012 253 1991x100
**E-pos:** kantoor@hartiesng.org
**Poortbode:** Marianne - 012 253 1991x106
**Epos:** komm@hartiesng.org

## WEEKPROGRAM

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Sondag | 10/03 | 08:30 | Voorbidding | Gebedskamer |
| | | 09:00 | Erediens en Doop | Kerkgebou |
| | | 09:00 | Voete– en Juniorkerk | Jeugsentrum |
| | | 17:30 | Seniorjeugkerk | Jeugsentrum |
| Dinsdag | 12/03 | 18:00 | L • I • F • T | Jeugsentrum |
| Woensdag | 13/03 | 09:00 | Senior– en Vrouebybelstudie | Jeugsentrum |
| Vrydag | 15/03 | 06:00 | Mannebiduur | Kerkgebou |

## Baie welkom

### Nuwe lidmate

1. Grant Engelbrecht, Cassienstraat, Schoemansville.
2. Charlotte Engelbrecht, Waterfrontstraat, Schoemansville.
3. Liesel Botma, Cannon Crescent, Ifafi.

**Ons bid julle die seën van die Here toe in ons geloofsgemeenskap. Mag dit vir julle 'n verrykende ervaring vol vreugde en seën wees.**

# HEILSMUUR



## 2. Volg my. Mark.1:16-20; Luk. 5:1-11

1. Op 'n dag toe Jesus langs die see van Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se broer, Andreas, gesien, waar hulle besig was om werpnette in die see te gooi. Hulle was vissers van beroep. In vs. 17 nooi Jesus hulle: " Kom saam met My en Ek sal julle vissers van mense maak." Vs. 18: "Hulle het alles gelos en Hom gevolg." So het ook die ander dissipels, wat Hy geroep het, sonder vrae gevolg.
2. Jesus roep vandag nog deur die Gees: "Volg My". Luister mooi. God wil jou gebruik, jou bederf!
3. Dankie Here, dat U ons name ken. Maak ons gehoorsaam en gebruik ons volgens U Wil. Amen.

# Gebedsuersoeke



Ons dra die volgende lidmate aan die Here op. Mag hulle Sy genade, liefde en versorging op 'n kosbare wyse ervaar.

1. Pierre en Suzanne Jansen: hulle het ons voorbidding baie nodig - dit gaan nie goed met hulle nie.
2. Yvonne du Preez: sy is uit die hospitaal ontslaan. Toetse het gewys dat sy 'n bloedklont op haar derms het. Sy ontvang nou behandeling daarvoor.
3. Vera Smit: sy is steeds in die intensiewe sorgeenheid.
4. Pieter Brynard: hy ondergaan Maandag 'n prosedure aan sy been.
5. Elsa Coetzee: Sy was gehospitaliseer a.g.v nierversaking. Sy is ontslaan, maar is nog nie gesond nie en het ons voorbidding nodig.
6. Ansie Swartz: sy word Saterdag gehospitaliseer vir behandeling.
7. Ds. Johan de Wet: baie dankie vir al die gebede en omgee met sy onverwagse hospitalisasie verlede Sondag, om 'n niersteen te verwyder.
8. Aansoeke vir die nuwe leraar: die aansoeke se sluitingsdatum is eerskomende Vrydag, 15 Maart. As gemeente bid ons opreg en in diepe afhanklikheid dat die Here sal voorsien en dat Sy wil sal geskied.

**Gee gebedsversoeke asseblief voor Woensdae 12:00 deur aan:**

**Wendy Barnardo 072 159 6777**

## L·I·F·T
Love in fellowship and truth

BYBELSTUDIE

20 - 40 jariges

Elke Dinsdag 18:00 vir 18:30
Jeugsentrum
Kontak: Dawie
079 715 3342

## GEMEENTE BYBELSTUDIES

Woensdae:
09:00 Seniors
Vroue
Vrydae:
06:00 Manne



Lidmate is baie welkom om in te skakel.

## Dankoffers: erediens en maandeliks

Die QR-kode op die skerm is 'n ZAPPER-kode. Om die kode te kan gebruik, om jou kollekte of maandelikse dankoffer te betaal, hoef jy net die Zapper-App op jou selfoon af te laai. Deur die kode te skandeer, koppel jy direk aan ons gemeente se bankrekening en kan jy jou dankoffer gerieflik gee.

## Verkies tot ouderling

op die kerkraadsvergadering van 26 Februarie 2024

Maryke Jonker
as bedieningsleier:
Reklame

## Zapper-kode vir dankoffers

## Bankbesonderhede:

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA, Reknr: 0640 580 364

Baie dankie aan elke lidmaat wat getrou bydra, sodat die werk van die Here kan gebeur. Die volgende opsies om jou dankoffer te gee, is beskikbaar: EFT, Zapper, kontant of 'n DEBIETORDER. Debietordervorms is op ons webblad of by die kerkkantoor beskikbaar.

Staan VERWONDERD



# NG Kerk
## HARTBEESPOORT

**VOLTYDSE LERAARSPOS**

**Skakel na posbeskrywing:**

***Op internet: Kerkbode (kliek op vakatures) of www.hartiesng.org (kliek op tuisbladadvertensie)***

*Eerskomende Vrydag 15 Maart is die sluitingsdatum vir kandidate om aansoek te doen vir die leraarspos in ons gemeente. Ons bid in besonder dat die Here se wil in hierdie week sal geskied.*

# Ons kuier SAAM

Sondag 10/3
Hannatjie en Landi
Sondag 17/3
Rita en Charlotte

Dankie aan elkeen wat help om Sondagoggende se teeskink vlot te laat verloop: die persone wat help skink en ook dié wat beskuit bak of skenk. Dit word baie opreg waardeer.
Indien jy ook beskuit wil bak of skenk, is jy baie welkom en kan jy dit by die kerkkantoor afgee.
Baie dankie.

Wil jy graag help met die die teeskink?
Kontak gerus vir Lee-Ann by 073 817 0323

# Paasnaweek



**Donderdag**
**28 Maart om 19:00**
**Paasnagmaal**



**Sondag**
**31 Maart om 09:00**
**Opstandingsdiens**